

3 Januarie

Skrifgedeelte: Job 38:33-38 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Job 38:35

“Klein” dingetjies in God skepping (1)

Wie skrik nie as 'n donderslag naby jou slaan nie – vir 'n oomblik die blits en dan die slag?! Daar is min mense wat 'n weerligstraal met sy donder daarby nie ongemaklik maak nie. En tog! Dit kom van God af. Hy het dit gemaak. Hy stuur dit! Nie maar sommer nie. Nee, Hy stuur dit doelgerig. Spreuke 16:4 – *Die Here het alles gemaak met 'n doel.*

In Job 38 praat God met Job uit 'n storm oor verskillende dinge wat Hy geskep het. Dinge wat sy majesteit en grootheid wys deurdat Hy dit nie net alles gemaak het nie, maar ook onderhou en regeer: Die aarde, die wolke, sterre, die see, sneeu, die lig – al die groot dinge, maar ook die “klein” dingetjies, soos die weerlig. Ons sien en hoor dit gewoonlik hier in die noorde. Dikwels sal ons selfs skrik, maar baie maal dink ons nie waar dit vandaan kom nie – nog minder wat die doel daarmee is.

Vir Job sê God: *Weet jy hoe die hemelinge werk? Stel jy hulle invloed op die aarde vas? Hoe werk die weerlig? Wat is sy invloed? Die wetenskap leer jou: Een enkele straal verbind duisende dele stikstof en suurstof met mekaar om onder andere “kunsmiss” vir die aarde te voorsien. Dit gaan egter verder: 'n Harde donderslag en dan sak die reën uit. Die reën los die verbinding tussen stikstof en suurstof op en bring dit af aarde toe, en voed die aarde daarmee. Psalm 65 sê dan: *U sorg vir u land ... U maak dit baie vrugbaar!* (vs. 10). Psalm 135:7 – *Hy maak die weerligstrale vir die reën.* Jeremia 10:3 – *Hy laat die weerlig slaan wanneer dit reën.* Dis geen toevallige verskynsel nie, dis doelgerig. En God stuur dit (Job 38:35): *Kan jy die weerligstrale uitstuur dat hulle vir jou kan sê: Hier is ons.* Dit beteken: Ons is tot u diens. Ons is u dienaars!*

Staan jy nog verstom oor die “klein” dingetjies in God se skepping? Elke donderblits moet jou tot stilte bring, in aanbidding voor 'n God so groot en heerlik! Maak dit dan op jou van toepassing: Die heilige God wat doelgerig geskep het en werk, stuur ook doelgerig sy blitse en slae in my lewe! Sê dan ook gelowig in hierdie jaar, as Hy so met jou besig is: Ek is tot u diens, Here!

Sing: Psalm 68:15 (Totius)

Ds. LD Aucamp (Emeritus)